Posadres **Postal Address**
Posbus 796 PO Box 796
Wierdapark Wierdapark
0149 0149

ePos / eMail
midgauteng@chess.co.za
Faks / Fax
086 509 8352
Sekretaresse / Secretary
Deirdr du Randt
071 117 1651
President
Jean du Randt
jdr@telkomsa.net

Mid-Gauteng
Skaakunie
ChessUnion

Ons Verw / Our Ref: 11101710084

13 Februarie 2010

Notule Algemene Jaarvergadering 2011

1. Opening en verwelkoming
Die vergadering word deur Jean du Randt geopen, en almal word verwelkom.

2. Bevestig teenwoordigheid
Alle persone teenwoordig teken die presensielys.

3. Notule van vorige jaarvergadering
Notule van Jaarvergadering 2010 word deur George Varden goedgekeur en dit word deur Anneline Reyneke gesekondeer.

4. Span administreerders
Jean verduidelik dat die spanbestuurders eers later aangekondig sal word. Vir eers beplan ons om net administreerders bekendmaak wat gaan help met die administrasie van die verskillende ouderdomsgroepe.

5. Merietestelsel
Erik Smuts verduidelik die agtergrond en inhoud van die meriete stelsel. Hy beklemtoon dat ‘n meriete stelsel konstant, deursigtig en regverdig moet wees. Integriteit is ook uiters noodsaaklik vir so ‘n stelsel. Details van ons merietestelsel is op ons web beskikbaar. Die voorgestelsde veranderinge aan die merietestelsel is as volg:

1. Die faktor van 400 wat in die verlede gebruik is verander nou na ‘n faktor van 250. Dit is om die oorvleuling van merietepunte verdien in verskillende afdelings te beperk.
2. In die verlede is ‘n tydelike gradering (rating) toegeken aan ongegradeerde spelers, vir bepaling van ‘n speler se opponent se gemiddelde gradering. Die voorstel is dat die ongegradeerde spelers se “Performance Rating”, soos bepaal deur die “Paring” sagteware (Swiss Arbiter of soortgelyk), gebruik word as hulle tydelike gradering.
3. Die Mid-Gauteng meriete subkommitee moet die mag hê om klein wysigings aan die merietereëls te kan implimenteer, om manipulasie te vermy. Sulke veranderinge moet egter beperk word om die beginsel van konstantheid te beskerm.

Die voorgestelde veranderinge word algemeen aanvaar.

‘n Nuwe jaar begin na die proewe en eindig met die proewe voor daardie jaar se SAJSK. Die merietestelsel word gebruik om die spanne te kies. Spelers 1–8 word outomaties in die span ingesluit vir die spanne waar daar 10 spelers is. In die

spanne waar daar 6 spelers is word spelers 1-5 outomaties ingesluit. Dit is nie noodwendig die bordvolgorde nie. Spelers 9 en 10 (of 6) word “wildcards”. Dit wil sê dat hulle kan aangewys word deur die bestuur, spanbestuurder en afrigter, mits die afrigter betrokke is. Dit sal slegs in uiterse gevalle gebruik word, maar hoofsaaklik sal die spelers wat in daardie posisies geëindig het op die merietelys daar gekies word. Die ouers word versoek om dit so aan die spelers te verduidelik. In die geval van o8-o14 sal finale merietepunte bestaan uit ‘n speler se beste 3 toernooie wat elkeen ‘n gewig van 23% dra plus die proewe wat ‘n gewig van 31% dra. By die o16-o20 ouderdomme, word die beste 3 toernooie bereken en elkeen dra ‘n gewig van 33.3%

6. Finansiële verslag

Marius du Toit gee ‘n uiteensetting van ons inkomstes en uitgawes vir die jaar 2010. Daar is genoem dat die boeke beskikaar is en kan byMarius besigtig word.

7. Kalender

Die Mid-Gauteng kalender is beskikbaar op die Mid-Gauteng website: www.midgautengchess.co.za. As ‘n toernooi ja gemerk is vir meriete sal ons beoog om dit so te hou. Soms verander ‘n toernooi se status en ons moet dit noodwendig verander om by die toernooi en ons kriteria aan te pas. Die belangrikste is om te kyk na die kriteria waaraan ‘n toernooi moet voldoen. Indien hy voldoen sal hy tel vir merietepunte, maak nie saak waar hy gespeel word nie. Die kalender verander deur die jaar en Deirdre sal dit uitstuur soos dit verander. Kyk asseblief uit vir die kalender wat van tyd tot tyd uitgestuur word.

8. Verkiesing van Bestuur en portefeuljes

Daar was slegs een nominasie per portefeulje ontvang, behalwe die van President en Sekretaresse. Nominasies vir President was: Erik Smuts en Hendrik Hoek. Nominasies vir Sekretaresse was Deirdre du Randt en Rista de Beer. Die nominasie van Rista de beer vir sekretaresse is nie aanvaar nie, aangesien sy ten tye van die sluitings datum nie lid by was Mid-Gauteng nie. Hendrik Hoek het sy nominasie teruggetrek op die 5de Februarie, kort voor die verkiesing.

Die verkose bestuur is as volg:

- President — Erik Smuts
- Vise-President — Jean du Randt
- Sekretaresse — Deirdre du Randt
- Tesourier — George Varden
- Inligtingstegnologie — Tiaan Reyneke
- Bemarking — Annelie Fourie
- Ouer verteenwoordiger — Anneline Reyneke

9. Bykomende sake

SAJSK.

Hendrik du Toit gee ‘n kort opsomming van die SAJSK wat in Desember 2010 deur Mid-Gauteng aangebied is. Hierdie toernooi was ‘n reuse sukses en is deur die Chessa bestuur beskryf as die beste SAJSK tot op datum. Die beraamde wins behoort meer as R100 000 te wees. Die boeke is nog nie afgesluit vir die toernooi nie. Hendrik vra ook omverskoning indien enige van ons lede gedink het

hy of enige ander bestuurslid was gedurende die toernooi dalk ongeduldig of ongeskik met hulle, maar daar was baie rond gehardloop om ander klein goggatjies uit te sorter.

NSF (Nasionale Spelers Fonds)

Die nasionale spellers fonds het hierdie jaar goed gefunksioneer. Dankie vir al die hulp van die ouers.

Die NSF help die spelers wat oorsee gaan speel. Die snoepie is goedgunstiglik deur die bestuur aan hulle gegee om fondse in te samel. Die unie kry 20% en die NSF 80% van alle winste wat tydens die snoepie by toernooie gegenereer word.

Bedankings

Erik Smuts bedank die uittredende kommitee vir hulle harde werk, in besonder die lede wat nie weer in 2011 op die kommitee dien nie:
“Marius Du Toit, Carien en Johan van Rensburg, julle harde werk en toegewiedheid was opreg waardeer.”

Jean du Randt bedank almal vir hulle verteenwoordigheid en sluit die vergadering.